

Nuwe Lied Bediening



En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

GENADE RED EN LEER ONS

Die reddende genade (onverdiende guns) van YHVH deur Yeshua Messias is beskikbaar vir alle mense. Hierdie Lewegewende onverdiende guns bevry elkeen wat glo dat Yeshua die Messias is, van sondeskuld. Daarom word elke mens alleenlik deur geloof vrygespreek van sondeskuld (Rom. 3:26 en 28). Die vraag is egter: Spreek die reddende genade van YHVH my slegs vry van sondeskuld of dissiplineer (leer) dit my ook?

Deesdae word daar baie groot klem op die bevrydende genade van YHVH geplaas. Gelowiges word aangemoedig om hulle vryheid op te eis en dit te geniet. Mense word geleer hoe om bevry te word van finansiële laste, van siekte, van huweliksprobleme en hoe om vele meer vryhede hulle eie te maak en YHVH se oorfloedige seën te ontvang. Al hierdie leringe van vryheid en oorfloedige lewe word gebaseer op die reddende genade wat tot alle mense gekom het. Meestal word hierdie reddende genade as sogenaamde geestelike wette voorgelê wat die sleutel tot hierdie vryhede en seëninge is. Dit word ondermeer geskoei op gee en vir jou sal gegee word, bid en jy sal ontvang, bely die belofte volgens die Woord tot dit manifesteer en vele ander "kits oplossings". Al wat kwansuis benodig word is geloof, want die Almagtig is 'n waarmaker van Sy Woord.

Betekén YHVH se Lewegewende onverdiende guns dat kwytskelding van sondeskuld nou die waarborg is tot bevryding en seëninge? Is die doel van genade slegs sondevergifnis sodat daar in elkeen se behoeftes hier op aarde voorsien kan word? Is sondevergifnis deur die reddende genade van YHVH al wat nodig is vir 'n lewe in oorfloed en oorwinning? Nee, want die Lewegewende onverdiede guns van YHVH leer ons ook om die goddeloosheid en wêreldse begeertes te verwerp en hoe om as geregverdigde in hierdie wêreld te lewe: Luister wat skryf Paulus aan Titus:

Want die reddende guns van Elohiem het aan alle mense verskyn en leer ons om die afvalligheid en wêreldse begeerlikhede te verloën, ingetoë en regverdig en toegewyd in die teenwoordige wêreld te lewe, terwyl ons die geseënde hoop en die verskyning van die voortreflikheid verwag van die grote Elohiem en ons Verlosser, Yahshua die Messias, wat Homself vir ons gegee het om ons te verlos van alle wetteloosheid en vir Homself 'n volk as sy eiendom te reinig, ywerig in goeie werke.

Titus 2:11 tot 14 (Woord en Getuienis)

Let daarop dat die reddende genade van YHVH **ons leer!!** Die doel van genade is om **ons ook te leer** om die *goddeloosheid en wêreldse begeerlikhede te verloën, ingetoë en regverdig en toegewyd in die teenwoordige wêreld te lewe*. Vader YHVH se genade het as Yeshua Messias verskyn om ons vry te maak van ons sondeskuld, ons met Hom te versoen en om **ons te leer** hoe om as 'n koninklike priesterdom en 'n afgesonderde (heilige; *set-apart*) volk te lewe. Yeshua is die Lewende Woord van onderrig, instruksie en wysheid, naamlik Torah. Hy is die Lewegewende onverdiende guns van YHVH wat aan almal verskyn het! Dit is genade wat ons leer!!!

Genade maak ons wel vry, maar maak ook van ons vrywillige slawe (diensknegte – Jak. 1:1). Waar ons voorheen slawe van die sonde was, is ons nou slawe van Yeshua (1 Kor. 7:22), want ons volg nie meer, soos voorheen, ons eie wil nie. Nee, ons het ons vryheid verruil vir die vryheid in Yeshua. Ware vryheid is nie om ons eie wil te doen nie, maar om ons Vader se onderrig en instruksies nougeset te volg. Dit is die ware vryheid tot al die seëninge van ons Vader se huishouding. Ons Vader se onderrig en instruksies (Torah) is nie 'n las nie, maar dit is ons vryheid tot die seëninge volgens Sy beloftes. Geloof in Yeshua as Messias is ons redding, maar gehoorsaamheid aan Torah is ons seëninge. Beide is YHVH se genadevoorsiening wat aan almal verskyn het.

YHVH se genade red ons, maar dit leer en dissiplineer ons ook. Dit neem selfdissipline en 'n sterwe van die eie-ek om die *goddeloosheid en wêreldse begeerlikhede te verloën*, asook om *ingetoë en regverdig en vroom in die teenwoordige wêreld te lewe*. Genade is ook ons leermeester en 'n leerling is nie bo sy onderwyser nie en 'n dienskneg ook nie bo sy meester nie (Matt.10:24). Genade is ons onderwyser en ons is genade se dienskneg. Ons moet ons aan YHVH se genade onderwerp.

YHVH se onverdiende guns in Yeshua het ons van alle ongeregtheid, naamlik wetteloosheid, verlos. Ons leef nie meer as wetteloses nie, want dit is sonde (1 Joh. 3:4). Ons leef nou gehoorsaam aan YHVH se onderrig en instruksies. Soos ons onderrig word in die wil van YHVH, so verstaan ons genade ook beter, want telkens wanneer ons weens ons eie swakhede struikel dan is daar die genade van vergifnis in Yeshua. Ons besef ons onvermoë om elke dag volgens YHVH se wil te leef en dan besef ons opnuut die grootheid en omvang van genade. So neem ons daaglik in die genade en kennis van Yeshua toe (2 Pet. 1:2; 2 Pet. 3:18). Hierdie genade word daaglik 'n groterwordende werklikheid.

Genade is die sekerheid om te weet ek is onskuldig selfs al is ek skuldig, maar dit is die redding deur Yeshua wat my leer om die *goddeloosheid en wêreldse begeerlikhede te verloën*, asook om *ingetoë en regverdig en vroom in die teenwoordige wêreld te lewe*. Genade is ons pad van heiligmaking – die smal pad van YHVH se afgesonderdes. YHVH se genade het medelye met ons swakhede (Heb. 4:15). Sy genade word nooit ongeduldig met ons nie,

maar tugtig en leer ons altyd in liefde. Dit is genade onbeskryflik groot – onverdiende guns!

Nou onderwerp ons onself met vrymoedigheid aan die Vader se onderrig en instruksies (Torah) *terwyl ons die salige hoop en die verskyning van die heerlikheid verwag van die grote God en ons Verlosser, Yeshua Messias*. Ons doen dit, want Hy is besig om *vir Homself 'n volk as sy eiendom te reinig, ywerig in goeie werke*. Ons word onderrig en ontvang instruksies sodat ons as geregverdigdes in Yeshua verander kan word om soos ons Vader te dink, te praat en te doen.

Indien ons die onderrig en instruksies van YHVH (Torah) verwerp, dan verwerp ons Sy genade. Ons kan nie net Yeshua as Messias aanvaar en die onderrig en instruksies verwerp nie! Dan probeer ons om net die helfte van YHVH se genade te aanvaar. Ons Vader se genade is sondevergifnis in Yeshua en om geleer te word om as geregverdigde te lewe. Dit is beide of niks nie. Die twee gaan hand aan hand. Ons kan nie net Yeshua as Messias aanvaar of net aan Torah gehoorsaam wees nie. Nee, beide moet deel van ons geloofslawe wees. Ons redding sluit heiligmaking in (Heb. 12:14), want daarsonder sal niemand Yeshua sien nie. Heiligmaking is om geleer te word om soos YHVH heilig te wees. Dit is om in gedagtes, woorde en dae soos Yeshua, die Lewende Woord van YHVH se onverdiende guns, te word. Dit is die doel van YHVH se Lewegewende onverdiende guns. YHVH se gendae red en leer ons!!

Daarom, bind die heupe van julle verstand vas, wees volkome waaksaam en verwag die onverdiende guns wat julle deel word by die openbaring van Yeshua, Die Gesalfde Een, soos gehoorsame kinders en moenie weer deel kry aan julle vorige begeertes wat julle sonder kennis begeer het nie, maar wees afgesonderdes in al julle lewenswyses, soos wat Hy wat julle geroep het, afgesonderd is, omdat daar geskrywe is: "Wees afgesonderd, soos Ek afgesonderd is. 1 Pet. 1:13 tot 16 (PWL Vertaling).

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalom
Johan

E-pos: kontak@nuwelielied.info
Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.